

10 Desember

Lukas 7:18-35

(Teks: 7: 31,32) Te oud om saam te speel?

Christus vergelyk die mense van sy tyd met kinders wat nie lus is om te speel en wat nie toelaat dat hulle meegevoer word deur die vrolike note van 'n bruilofslied of (aan die ander kant) die hartseer klanke van 'n begrafnislied nie. Dit is benede hulle waardigheid om hulle aan hierdie spel oor te gee. Hulle is bang dat hulle hulle eie waardigheid verloor en in die proses verspot gemaak kan word.

In ons tyd kan dit ook so maklik gebeur dat ons word soos hierdie kinders op die markpleine wat nie wil saamspeel nie. Ons wil nie saamspeel in die heilige spel wat God met ons wil speel nie. Ons wil op die kantlyn staan en nie betrokke raak nie...

Ons wil van nature nie die heilige begrafnisspel speel van bekering en afsterwe van die sondige mens, waarvoor Johannes die Doper die begrafnismusiek gekomponeer het met sy boodskap: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Ons wil van nature nie die heilige huwelikspel met die Bruidegom, Jesus Christus, speel en van vreugde rondspring (soos kalwers met die lentereën) omdat ons die bruidskerk van die Here mag wees en sy bruilofslied aan ons mag hoor: "Ek het jou so lief dat Ek my lewe vir jou afgelê het." Ons kon miskien vroeër ywerig aan hierdie heilige spel deelgeneem het, maar miskien het dit nou die betowering en aantrekkingskrag daarvan verloor. Wat vir ons nodig is om deur die Heilige Gees weer soos kinders te word. Jesus het nie verniet gesê dat die een wat die koninkryk van die hemel wil beërwe soos 'n kind moet word nie! Ons moet weer met 'n kinderlike geloof en met kinderlike vrymoedigheid en verwondering leer om hierdie heilige spel te speel in al ons lewensuitinge! Mag ons nooit te oud word om saam te speel nie!

Sing Skrifberyming 16:1 en 2 Ds. F.W. de Wet (Uitschot)